# Hoofstuk van die dag: Prediker 4

> *'n Handpalm vol rus is beter as 'n dubbele hand vol inspanning, en 'n gejaag na wind. (vers 6, 2020-vertaling)*

Partykeer sukkel 'n mens om te verstaan wat die skrywer bedoel. Die *Good News Bible* het my hier gehelp. Dit vertaal

vers 4 tot 6 só (en ek vertaal dit vryweg oor in Afrikaans): “Ek het ook geleer hoekom mense so hard werk om sukses te behaal: dit is omdat hulle afgunstig is op hulle bure. Maar dit is tevergeefs. Dit is soos om die wind te jaag. Hulle sê enigiemand sal dwaas wees as hy sy hande vou en sodoende homself van honger laat sterf. Dit mag wees, maar dit is beter om net ’n bietjie te hê met vrede in jou hart, as om die hele tyd besig te wees met beide hande in ’n poging om die wind te vang.”
Dis natuurlik die siekte van ons tyd – om altyd besig te wees en nooit tot rus te kom nie. Die Prediker is reg. “Keeping up with the Joneses” is inderdaad ’n gejaag na wind. ’n Lewe waar rus sy regmatige plek het, is immers God se plan. Dis hoekom Hy ons beveel om een dag ’n week te rus (Eks 20:10).

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026